191.T.7(83)

## EREDOKTORSGRAAD: MNR. C.H. BRINK

## MOTIVERING DEUR DIE REKTOR

(Gradedagplegtigheid, Universiteit van Stellenbosch, 13 Des. 1968)

Die werk van mnr. Christoph Hendrik Brink is ten nouste verweef met die stigting en opkoms van Federale Volksbeleggings Beperk. In 'n tyd van besondere kulturele en ekonomiese bewuswording onder Afrikaners, waartoe die F.A.K. en een van sy hoofliggame,, die Afrikaanse Nasionale Kultuurraad, 'n buitengewoon betekenisvolle bydrae gelewer het, het Hendrik Brink in Desember 1940 in 'n beskeie klein kantoortjie as eerste sekretaris-penningmeester van F.V.B. begin. Hy is deur ons vérsiende baanbreker-ekonoom, dr. M.S. Louw, wat volle vertroue in hom gehad het, in hierdie pos aangestel.

Dat dr. Louw se vertroue nie misplaas was nie, is in die daaropvolgende jare oorvloediglik bewys. Mnr. Brink het van die eerste dag af alles in die stryd gewerp om F.V.B. op te bou, en om, deur F.V.B., veral die Afrikaanssprekende deel van ons bevolking op ekonomiese gebied te dien en sterk te maak. Dit het groot volharding en baie moed gekos, want teleurstellings het nie uitgebly nie - veral ~~na~~ die eerste boekjaar, toe F.V.B. 'n verlies van byna R3,000 getoon het! As roepingsbewuste jongman hèt mnr. Brink hom egter nie laat stuit nie; teleurstellings was vir hom eerder 'n aansporing as ontmoediging. Hy het hoë eise aan homself gestel, inderdaad só hoog dat sy eie gesondheid nie sonder letsel gebly het nie, maar hy kon met vreugde aanskou hoedat F.V.B. as ontwikkelingsmaatskappy op verskeie terreine opgetree het: die visbedryf, die ingenieursbedryf, die chemiese en die farmaseutiese bedrywe, die bankwese, die mynwese, die klerebedryf en die stedelike handel. Hy kon dit ervaar dat die bates van F.V.B. vandag reeds R43,000,000 bereik het, en dat die bruto bates van al die maatskappye onder regstreekse beheer van die groep, reeds die ~~bedrag~~ som van meer as R90,000,000 bedra. Wat hierdeur in belang van Suid-Afrika, en veral van die Afrikaner, bereik is, sal seker nie maklik in woorde uitgedruk kan word nie.

Die boumeester van F.V.B. het egter steeds opregte mens en praktiese idealis gebly. Dit is eienskappe wat hom reeds as jong man op die Rand en as student aan die buitemuurse afdeling van die Universiteit van Pretoria gekenmerk het. Om 'n man soos mnr. Brink met die hoogste universitêre toekenning te bekroon, is vir die Universiteit van Stellenbosch 'n genoeë en vreugde. Want Hendrik Brink het homself met geesdrif en oorgawe gestel in die diens van vrywel al dié groot dinge waarvoor ook Stellenbosch hom naarstiglik van dag tot dag beywer.

H. B. THOM.